Laerskool Horison
WEES DOELGERIG

Weaverstraat, Horison, 1724
Tel: (011) 763 5617/8
PostNet Suite #78, Private Bag X1
Florida Hills, 1716
hoof@horison.co.za
www.horison.co.za

# *OMSENDBRIEF 36 van 2025*

***"Sit jou glimlag langs myne"***

**Bedankings:**
Al ons briewe word geborg deur **PNA** –
Flora Sentrum (011-672-4582), Horison (011-766-3366)
**Help 24**: dankie dat julle ons, by ons skool, veilig hou!
***Cool ideas**: fibre internet*

2025-11-04

Geagte ouers

## AKADEMIE

Baie sterkte aan ons graad RRR – 3 wat deurlopend besig is met hulle assesserings. Baie sterkte ook aan die graad 4-7 wat Vrydag en Maandag, begin met hulle eindeksamens.
Vanaf Maandag, 10 November sal die skool om 13:00 sluit vir alle leerders, en die leerders nog meer tyd gee om te leer. Daar sal wagklasse vir leerders wees wat nie om 13:00 afgehaal kan word nie.

## ALGEMENE JAARVERGADERING (BEGROTING 2026)

Ons vergadering van 23 Oktober is uitgestel na Donderdag, 6 November om 18:30. Hierdie vergadering gaan voort al is daar nie 'n kworum nie.

## ENTREPRENEURSDAG GRAAD 2 EN 3

Dankie vir al die leerders wat hieraan deelgeneem het en vir al die ondersteuning van hulle ouers, groot-ouers en familie. Sonder u ondersteuning sal so 'n dag nie moontlik gewees het nie.

## VRYDAG, 7 NOVEMBER 2025

**Vrydag, 7 November** vra ons dat alle graad 1-7 leerders hulle **skoolklere sal aantrek** asseblief. Ons gaan 'n saalbyeenkoms hê, waar ons belangrike gaste gaan ontvang en ons wil graag hê die leerders moet eenvormig lyk. Ons skuif dan "Bok Friday" na Donderdag, 6 November toe.

____________________
Mnr. G.F. van der Walt
Hoof

# OORGANGSKURSUS VAN GR. 3 NA GR. 4

Dr Emsie Rheeders Education

**GRAAD 3 LEERDER : "NUWE" GRAAD 4 LEERDER :**

**KOM WOON MY : HOOGS EFFEKTIEWE STUDIE EN EKSAMEN TEGNIEKE KURSUS BY DIE 7de NOVEMBER 2025**

**BY LAERSKOOL HORISON IN DIE SAAL**
**KURSUS WORD AANGEBIED VRYDAG MIDDAG**
**VAN 13:10 TOT 16:25**

**BESPREEK ASSEBLIEF U KIND SE PLEK BY U KIND SE REGISTER ONDERWYSER TEEN WOENSDAG: 5 NOVEMBER 2025, DAAR IS NOG BAIE PLEK BESKIKBAAR VIR DIE 7de NOVEMBER 2026 SE KURSUS! ENIGE VRAE KONTAK MY BY: 083 456 7366 OF Dr.emsie@gmail.com**

**U kind gaan Leer om Nooit in hulle lewe weer 'n "BLANK" te "STRIKE" nie, in enige toets of eksamen of mondelinge aanbieding nie !!!**

**In die kursus sal u kind hul Leerstyl vas-stel en presies weet hoe om te leer! Effektiewe leer tegnieke soos: geheue oefeninge: A + geheue kaarte: 200 feite op 1 x A4 blaai, opsomming, assosiasie, Romeinse kamer en die geheue boom asook begripstoets- en eksamen vraestel beantwoordingstegnieke in slegs 3 stappe. Kreatiewe skryf tegnieke. Effektiewe Tyd Bestuur !**

**MAAK SEKER U GRAAD 3 KIND GAAN GRAAD 4 IN 2026 MET SUKSES VOLTOOI!**

**Kinders is geneig om meer doeltreffend te leer wanneer hul gebruik maak van effektiewe leer tegnieke en u sal vind dat hulle 'n lewenslange liefde vir leer ontwikkel wat nodig is veral van Laer- en Hoërskool tot en met Universiteit.**

**Die werkswinkel gaan u kind bemagtig en help om hul volle potensiaal in die lewe te kan bereik en 'n suksesvolle Laer- en Hoërskool loopbaan te verseker! Graad 3 na 4 is 'n BAIE GROOT SPRONG VIR 'N LEERDER: AKADEMIES, Kom laat ek julle help met die GROOT SPRONG!!!**

**Maak hierdie belegging in u kind se lewe en pluk die vrugte vir die res van u kind se akademiese loopbaan tot en met universiteit! Meer as 42 500 leerders het die kursus al bygewoon in Suid Afrika en daar is oor die sukses daarvan artikels geskryf in verskeie tydskrifte onder andere "Finesse".**

**Elke leerder sal 'n 40-bladsy-handleiding ontvang wat hul huis toe kan neem om te gebruik vir toekomstige verwysing. Die koste van die werkswinkel beloop SLEGS R 270 (koste beloop gewoonlik R2000+). U as ouer is welkom om die werkswinkel saam met u kind by te woon teen geen koste nie: Gratis, so bemagtig ek, u as ouer met die sprong van Graad 3 na Graad 4.**
**U MOET U KIND SE PLEK BESPREEK ASSEBLIEF TEEN WOENSDAG 5 NOVEMBER 2025**
**U kan Kontant of per kaart betaal by die Saal Vrydag middag!**

**Vriendelike Groete Dr. Emsie Rheeders, Onderwys Spesialis.**

## EKSAMEN ROOSTER KWARTAAL 4 VAN 2025

## Voorlopige Eksamen rooster November 2025

| Datum | Dag | Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7 |
|---|---|---|---|---|---|
| 07/11/2025 | Vrydag | | | | Wiskunde 1 |
| 10/11/2025 | Maandag | Afrikaans | Afrikaans | Afrikaans | Natuurwetenskappe |
| 11/11/2025 | Dinsdag | SW – Geskiedenis | SW-Geskiedenis | NW/Teg | Afrikaans |
| 12/11/2025 | Woensdag | | | | SW Geskiedenis |
| 13/11/2025 | Donderdag | Engels | Engels | Engels | English |
| 14/11/2025 | Vrydag | PSW | NW/ Teg | PSW | Wiskunde 2 |
| 17/11/2025 | Maandag | Wiskunde | Wiskunde | Wiskunde | Tegnologie |
| 18/11/2025 | Dinsdag | NW/Teg | SW-Geografie | SW – Geskiedenis | EBW |
| 19/11/2025 | Woensdag | | | | SW – Geografie |
| 20/11/2025 | Donderdag | SW – Geografie | PSW | SW-Geografie | Lewensoriëntering |
| 21/11/2025 | Vrydag | Zoeloe | Zoeloe | Zoeloe | SK |

**Reëlings gedurende Eksamen:**
**Gr. 4-6**
Vanaf Vrydag, 7 November sal al die leerlinge in die eksamen lokale wees vir die eksamen.
Die skool sal vanaf **Maandag, 10 November 2025, 13:00 uitkom**.
Die Gr. 4-6 leerlinge sal nog in vakke onderrig word tot 7 November. Daar sal ook hersiening gedoen word vir Maandag se vak. Vak personeel sal wissel.
Leerlinge wat in die wagklasse moet wag tot 14:00 se ouers moet asseblief ’n brief stuur vir die voogonderwyser sodat die voogonderwyser weet wie in die klas moet bly vanaf 10 November.
Ons vra dat geen leerder vroeër in die dae afgehaal sal word nie. Daar sal in die oggend ’n leersessie wees, dan skryfsessie en dan ’n hersieningsessie vir die volgende dag se vak.
Alle dokters, tandarts ensovoorts afsprake moet asseblief na 13:00 gemaak word. As ’n leerder afwesig is, moet daar asseblief ’n doktersbrief as bewys ingestuur word.
Leerders moet elke dag die vak wat hulle skryf en die volgende dag se vak se boeke inpak. Geen speelgoed of leesboeke nie.
Die leerders moet die vak wat op die dag geskryf word se boeke, handboeke en leesboeke inpak en ingee in die derde sessie.

**Gr.7**
Die Gr. 7 leerders begin 7 November met eksamen.
Ons vra dat geen leerder vroeër in die dae afgehaal sal word nie. Daar sal in die oggend ’n leersessie wees, dan skryfsessie en dan ’n hersieningsessie vir die volgende dag se vak.
Alle dokters, tandarts ensovoorts afsprake moet asseblief na 13:00 gemaak word. As ’n leerder afwesig is, moet daar asseblief ’n doktersbrief as bewys ingestuur word.
Leerders moet elke dag die vak wat hulle skryf en die volgende dag se vak se boeke inpak. Geen speelgoed of leesboeke nie.
Die leerders moet die vak wat op die dag geskryf word se boeke, handboeke en leesboeke inpak en ingee in die derde sessie.

**Sterkte met die voorbereiding!**

## KLEREBANKTYE (2de handse klere)

**Klerebanktye** is **Maandae en Woensdae: 07:30 – 10:00**. Kontak asseblief vir me. Letitia Jansen 081 872 0242 of me. Sophia Gadney 072 510 9233. Die skool se klerebank verkoop die 2de handse klere.

## VERLORE HORIE HOEKIE

<u>**HOE DIT WERK:**</u>




1. Daar is op 'n daaglikse basis verlore items wat in die verlore klere houer langs die saal geplaas word.
2. Ons doen asseblief 'n beroep op u om te sorg dat u kinders se klere duidelik gemerk is, om dit te vergemaklik om verlore klere op te spoor.
3. Indien u kind se klere verlore geraak het, kan u aansluit by die volgende skakel:

   **https://chat.whatsapp.com/J8XevFinUXHGXUZcgNNyGF**

4. Een maal per week sal die verlore klerehouer leeggemaak, en al die inhoud nagegaan word.
5. Items wat duidelik gemerk is sal individueel op die Whatsapp-groep geplaas word met die eienaar se naam bv. 1X langmoutrui – Koos van Zyl.
6. Items wat nie gemerk is nie sal geplaas word as bv. 5X langmoutruie gevind.
7. Leerlinge kan hulle verlore items op **Maandae en Woensdae 07:30 – 10:00** by die **KLEREBANK** by me. **Letitia Jansen 081 872 0242** of me. **Sophia Gadney 072 510 9233** kom afhaal.
8. Enige item wat na een maand nie afgehaal is nie sal in die skool se **KLEREBANK** opgeneem word.

***<u>ONTHOU ASSEBLIEF OM U KIND SE KLERE BAIE DUIDELIK TE MERK!!</u>***

## HORI MODE HUIS KLEREWINKEL



Tye oop gedurende **Desember 2025 en Januarie 2026**: (20min per afspraak)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Saterdag, 6 Des | 09:00 – 12:00 | Donderdag, 8 Jan | 14:00 – 17:00 |
| Maandag, 8 Des | 14:00 – 17:00 | Vrydag, 9 Jan | 14:00 – 17:00 |
| Dinsdag, 9 Des | 14:00 – 17:00 | Saterdag, 10 Jan | 09:00 – 12:00 |
| | | Maandag, 12 Jan | 14:00 – 17:00 |
| | | Woensdag, 14 Jan | 14:00 – 17:00 |
| | | Vrydag, 16 Jan | 14:00 – 17:00 |

## JUNIORKOOR

Die laaste oefening/koor afsluiting op **Woensdag, 5 November 2025.**
Daar is nog juniorkoor hemde uitstaande. Handig asb. in die week.



## SENIORKOOR

Die laaste oefening/koor afsluiting op **Woensdag, 5 November 2025.**
Daar is nog seniorkoor hemde uitstaande. Handig asb. in by kamer 36.

## SKAAK




## GRONDSLAGFASE PRYSUITDELING FOTOS


Prysuitdeling-foto's is beskikbaar om te bestel teen **R80** per foto. Indien u graag 'n foto wil hê, stuur asseblief die R80 kontant na u kind se Klasonderwyser om die bestelling te plaas.
Sluitingsdatum vir bestellings: **10 November 2025**



## KWARTAALPROGRAM 2025 en 2026

| | | |
|---|---|---|
| **November** | 6 | Algemene jaarvergadering (Begroting) om 18:30 |
| | 7 | Oorgangskurses van Gr. 3 tot Gr. 4 |
| | 19 | Gr. 1 – Opvoedkundige Uitstappie |
| | 25 | Gr. RRR-RR Prysuitdeling |
| | 26 | Gr. R Prysuitdeling |
| | 26 | Gr. 2 – Opvoedkundige Uitstappie |
| | 27 | Gr. 7 Prysuitdeling |
| **Desember** | 1 | Gr. 7 Afskeid (Hennops pride) |
| | 10 | Skoolsluit om 11:00 |
| **2026** | | |
| **Januarie** | 13 | Gr. 1 eerste dag vanaf 07:00 tot 12:00 |
| | 14 | Skool heropen |
| | 15 | Atletiek oefeninge begin |
| | 16 | Gr. 1 atletiek en akademiese inligtingaand |

| | | |
|---|---|---|
| | 16 -18 | Seniorkoor kamp |
| | 20 | Akademiese inligtingaand vir Gr. 2 tot 3 sowel as Kleuterskool |
| | 21 | Akademiese inligtingaand vir Gr. 4 tot 7 |
| | 23 | Atletiek byeenkoms (tuis) |
| | 24 | Kleuter atletiek |
| | 29 | Babelbekkies (Junior redenaars) |
| | 30 | Atletiek byeenkoms teen LS Krugersdorp-Noord (weg) |
| **Februarie** | 4 | Atletiek teen LS Louw Geldenhuys (weg) |
| | 6 | Skaak interhuis |
| | 11 | Interne redenaars (Gr. 4-7) |
| | 13 | Valentyn sokkie |
| | 17 | Rugby inligtingaand |
| | 18 | Netbal inligtingaand |
| | 19 | Individuele foto's en klasfoto's |
| | 20-21 | Rugby klinieke |
| | 26 | Rugby en netbal vriendskaplike teen LS Millennium (weg) |
| **Maart** | 4 | Superreeks redenaars |
| | 5 | Superreeks rugby en netbal groep wedstryde (tuis) |
| | 20 | Superreeks skaak |
| | 20 | Kaskardag |
| | 21 | Superreeks rugby en netbal finale |
| | 25 | Mini-netbal en Tau-rugby (tuis) |
| | 26 | Oueraand |
| | 27 | Skoolsluit om 12:00 |
| | 26-28 | 0/13A Netbal kamp |
| | 27-29 | 0/9 en 0/10 Rugbytoer na Jubaweni |



Laerskool Horison

**Linden Rugby Akademie in venootskap met Laerskool Horison bied aan:**

**Demonstrasie rugby kliniek teen geen koste vir die sessie**



**BESONDERHEDE**

**Datum : 7 November**
**Tyd: 13:30 - 15:00**

**Benodig u**

# Partytjie pakkies

**vir u Horie se verjaarsdag?**

**STAP 1:** **Kies die inhoud:**

**1)** 1 x Klein Foxi Nax/Oozies
1 x Eye Ball
2 x 50c Sweets
3 x Choc Paste
1 x Suigstokkie
**R10 pp**

**2)** 1 x Klein Foxi Nax/Oozies
1 x Eye Ball
2 x Fizzers
2 x Choc Paste
1 x Suigstokkie
**R12 pp**

**3)** 1 x Klein Foxi Nax/Oozies
1 x Eye Ball
2 x 50c Sweets
3 x Choc Paste
1 x Suigstokkie
1 x Zoom koeldrank
**R16 pp**

**4)** 1 x Fritos
1 x Klein Sjokolade
1 x Choc Paste
1 x Suigstokkie
1 x Zoom koeldrank
**R20 pp**

**STAP 2:** Bring vir ons sakkies of gee vir ons 'n tema/kleur en ons voorsien die sakkies (teen 'n ekstra koste)

**STAP 3:** Sit terug terwyl ons die pakkies pak en na u kind se klas neem op die dag van hul verjaarsdag

**Gerda:**
071 265 9651

Jesus my
Laerskool Horison Snoepie

WEES DOELGERIG

# SNOEPIE SPYSKAART

HIERDIE SPYSKAART IS NIE BESKIKBAAR GEDURENDE FUNKSIES NIE - KYK ASB NA DIE FUNKSIE SPYSKAART
THIS MENU IS NOT AVAILABLE DURING FUNCTIONS - PLEASE HAVE A LOOK AT OUR FUNCTION MENU

| | | | |
|---|---|---|---|
| CHIPPIES | - | S | R10 |
| | | M | R16 |
| | | L | R21 |
| WARMBRAK | - | | R18 |
| MINI TRAMEZZINI | - | | R22 |
| CHIP ROLL | - | | R17 |
| HOENDERSLAAI | - | | R30 |
| 2-MINUTE NOODLES | - | | R12 |

**TOAST BROODJIES:**

| | | |
|---|---|---|
| KAAS | - | R15 |
| KAAS & TAMATIE | - | R18 |
| HAM & KAAS | - | R20 |
| HAM, KAAS & TAMATIE | - | R23 |
| HOENDER MAYO | - | R23 |

**BOU 'N ROLLETJIE (VARS ROLL)** -
HAM/KAAS/TAMATIE/BLAARSLAAI/
HOENDER MAYO

## MAANDAG

NUGGETS & CHIPS R32

KAAS WORSIE & CHIPS R32

## DINSDAG

HOENDER WRAP:
VOL - R35
½ - R17.50

TRAMEZZINI: HOENDER MAYO
VOL - R38
½ - R19

## WOENSDAG

| | | |
|---|---|---|
| HAMBURGER | - | R30 |
| HOENDER BURGER | - | R25 |
| KAAS BURGER | - | R34 |

## DONDERDAG

GROOT PASTEIE (PIE): R25

MINI PASTEIE (PIE): R11

## VRYDAG

OOP SPYSKAART
OF
SPESIALE AANKONDIGING!

PLAAS ASB JOU BESTELLING VROEG/VOOR SKOOL

Jesus my




https://foodsockfrenzy.co.za/




# PLAAS JOU BESIGHEID ONDER OË, ELKE DAG!

## 2026 SKOOL DAGBOEK ADVERTENSIES

By Laerskool Horison is ons dagboeke meer as net bladsye – dis daaglikse metgeselle. Elke leerder dra een, elke ouer sien een, en elke gesin maak daagliks daarop staat.

Nou stel jou voor dat jou besigheid deel word van daardie daaglikse roetine – 365 dae van die jaar!
Dis honderde oë op jou handelsmerk – nie een keer, nie twee keer nie, maar elke enkele skooldag van 2026.

## WAT WORD AANGEBIED?

- 8 x Dubbel Besigheidskaartjie-spasies – R6 000 elk
- 12 x Enkel Besigheidskaartjie-spasies – R3 500 elk

Jou advertensie sal in vol kleur verskyn op premium A5-bladsye aan die begin of einde van ons dagboek – die bladsye waarna almal eerste en laaste blaai.

## MAAR HIER'S DIE VANGPLEK: DAAR IS SLEGS 20 SPASIES BESKIKBAAR.

Hierdie is nie net gewone bemarking nie - hierdie is jou kans om:
- Die hele jaar voor oë te bly
- Ons skool te ondersteun, terwyl jy jou besigheid bevorder.

**Stuur 'n epos aan bl@horison.co.za - met jou kunswerk in PDF-formaat**

## BESPREEK JOU ADVERTENSIE SPASIE VANDAG

**VOORDAT IEMAND JOU VOORSPRING!**


INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:
coolideas
FIBRE INTERNET
ONS SKOOL HET SUPER VINNIGE INTERNET!